

Inhoud hierdie preek wys dat die wyse waarop Christus ons as sy kinders liefhet, gee ons die geloofsonderskeiding tussen liefde en dit waarvan ons gewoon net hou. Die redes wat ons voorhou vir dit waarvan ons hou, word genoem opvattinge, dit is opinies, menings en gevoelens. Die rede hoekom ons God liefhet, is omdat ons aan Hom behoort. Christus se liefde maak dit waarvan ons hou totaal onbelangrik vir ons liefde vir God en ons naaste. Daarom skep liefde die vryheid om verskillende menings en gevoelens te mag hê oor dit waarvan ons hou, sonder dat ons met mekaar daaroor stry. Dit keer ook die verhouding tussen wie sterk en wie swak is om. Wie sterk menings en gevoelens afdwing is swak en wie insiklik is met menings en gevoelens oor waarvan ons hou, is sterk in die geloof. Vir die huwelik beteken dit dat bakleiery oor menings en gevoelens oor waarvan ons hou, die houding om jou mening of gevoel met krag te laat geld en die houding om van mekaar te hou eerder as om aan mekaar te wil behoort, wys dat die geloofsonderskeiding oor wat liefde is en wat dit is waarvan mense net hou en lekker is, in die huwelik verdwyn het.

Liturgie 1. Lied 184 verse 1, 2, 3. Evangelie-lesing Rom. 3: 21 – 26. 2. Lied 388 verse 2 en 3. Wetslesing: Romeine 13: 8 – 14; 3. Lied 532 verse 1, 2, 3. Lied 4. 530 verse 1, 2, 3.

Skriflesing Romeine 14: 1 – 23 1983 vertaling; romeine 15: 1 – 6 Direkte Afrikaanse Vertaling

Teks 14: 17: Die koninkryk van God is nie 'n saak van eet en drink nie, maar van gehoorsaamheid, vrede en bladskap wat die Heilige Gees ons gee.

Tema Christus se liefde gee ons die geloofsonderskeiding tussen wat liefde is en waarvan ons hou.

1. Ek wil graag vanoggend saam met u met 'n preekreeks oor die huwelik begin. Ek sal hierdie huwelikspreke so tussen die ander gewone prediking van die jaar deur preek.

In Romeine 14: 1 tot 15:7 spreek Paulus 'n dreigende verskeurheid binne die gemeente in Rome aan en wys hulle weer op wat hulle as gemeente eensgesind maak. Die onderskeid tussen die Grieks-Romeinse Christene en die Joodse Christene in een gemeente was die aanleiding tot hierdie dreigende skeuring.

Hierdie kultuur- en rasseverskille was egter nie die rede vir die dreigende skeuring nie. Anders sou Paulus dit direk aangespreek het. Die antwoord op hierdie dreigende skeuring was ook nie die bevordering van nie-rassigheid of die aanvaarding van 'n nuwe universele kultuur in die plek van eiesoortige kulture nie.

Christus se liefde gee ons die geloofsonderskeiding tussen wat liefde is en waarvan ons hou

Die rede vir die gestryery, bakleiery en verskeurdheid binne die gemeente was omdat hulle nie meer 'n verskil kon aanvoel of raaksien tussen liefde en om net van iets te hou nie.

Hierdie verlies in hulle geloofslewe was die rede vir hulle gestryery, bakleiery en 'n dreigende skeuring met mekaar binne hulle verskil as Grieks-Romeinse en Joodse Christene.

Ons gaan vanoggend hierdie gemeentekonflik en die oplossing vir hierdie gemeente konflik in die stad Rome gebruik as die vertrekpunt vir dreigende verskeurdheid binne die huwelik: die verlies in die geloofslewe om te kan onderskei tussen liefde en dit waarvan ons hou.

2. Die kinders!

Daar is twee maniere waarop pappa en mamma met mekaar in die huis oor dinge verskil. Julle ken dit. Jy sit voor die TV en jy hoor daar gaan daardie twee daar in die kombuis weer met mekaar in 'n woordewisseling. Jy kyk TV maar jou een oor draai net soos 'n koedoe se ore wat terselfdertyd een vorentoe en een agtertoe kan draai daar na die kombuis se rigting. Dan hoor jy hulle woordewisseling gaan oor verskille wat jy weet hulle nooit met mekaar gaan saam stem nie, al praat hulle vir die hele week met mekaar. Dit maak egter vir jou nie saak nie want met daardie een oor kombuis se kant toe hoor jy dat dit maak nie regtig saak vir jou nie en dit maak jou ook nie bang as hulle so met mekaar verskil nie.

Hierdie tipe woordewisseling noem ons somer 'n gekibbel.

Die ander manier waarop hulle met mekaar verskil is wanneer jy hoor hierdie is nie meer 'n gekibbel nie, hierdie het 'n gestryery geword, en in jou hart weet jy dat hierdie gestryery gaan een of ander tyd 'n gebakleiery word. Dit is wanneer jy voel of jy somer net wil wegloup of iewers wil wegraak want jy voel hier gaan 'n verskeuring kom wat almal uit mekaar gaan laat spat.

Luister wat sê Paulus oor verskille tussen mense: "Aanvaar die een wat in die geloof swak is, sonder om met hom te stry as sy opvatting van joune verskil." Hoe kan Christene dit regkry: om mekaar te aanvaar sonder om te stry en te baklei as julle nie met mekaar kan saamstem oor menings nie.

Dit is die vraag wat Paulus in hierdie Bybelgedeelte antwoord!

3. Die groot verskil tussen om te kibbel oor verskille en om te baklei oor verskille gaan oor die verskil om van iets en iemand te hou en om in liefde met 'n persoon saam te leef.

Christus se liefde gee ons die geloofsonderskeiding tussen wat liefde is en waarvan ons hou

In hoofstuk 15 verse 1 en word daar in die 1953 en die nuwe direkte vertaling gewys op die verskil tussen dinge waarmee jy jouself behaag en om te dink aan wat vir jou naaste goed is en in die geloof kan opbou. In die 1983 vertaling word dit genoem die verskil om aan jouself te dink teenoor om aan om “aan ander te dink”.

Om jouself te behaag beteken om besig te wees met dit waarvan jy hou en wat vir jou lekker is. Daarom word hierdie dinge wat vir jou lekker is ook genoem menings, opvattinge of gevoelens in die 1953 vertaling. Menings en gevoelens gaan gewoonlik oor wie en waarvan jy jou.

Teenoor hierdie menings, opvattinge en gevoelens stel Paulus dan liefde 14: 15. Liefde is heeltemal iets anders as menings, opvattinge en gevoelens. Liefde gaan oor geregtigheid en vrede en blydskap in die Heilige Gees. 14:17. Die geregtigheid in die Gees is die nuwe lewe waarin Christus my en my liefde vir Hom volgens God se wet, reg en heilig maak. Christus sluit my in die lewe in waar Hy vir my sonde en oortredings beledig en verneder was sodat God ek en my liefde volgens God se wet nie beledig word nie, maar reg en goed gemaak word. (15:3)

So!

Die groot verskil gaan dus oor aan die een kant dinge waarvan ek hou en my mening, opvatting en gevoel oor dinge waarvan ek hou, teenoor liefde wat Christus in ons skep volgens die Here se wet.

4. Dit is mos regtig 'n baie groot verskil: wie en waarvan ek hou en wie en hoe ek iemand liefhet.

Die kinders! 'n Mens hou van melkskommels, koeldrank en lekkers, maar jy het jou pa en ma lief. Die rede hoekom jy van iets hou of hoekom iets vir jou lekker is, word genoem menings, opvattinge en gevoelens.

Die rede hoekom jy vir iemand lief het, is omdat jy aan so persoon behoort. Jy behoort aan jou pa en ma as kind en daarom het jy hulle lief. 'n Mens behoort nie aan koeldrank en lekkers nie en daarom is dit net iets waarvan jy hou.

Kyk hoe stel Paulus dit in 14: 7 en 8: “Of ons dan lewe of sterwe, ons behoort aan die Here” en daarom leef 'n Christen nie vir homself of sterf hy nie vir homself nie. Hy leef en sterf vir die Here aan wie hy behoort. Ons leef in liefde saam met die Here en ons sterf in liefde om saam met die Here te wees na ons dood – want ons behoort aan die Here!

Dit is omdat ons aan die Here as sy kinders behoort dat Hy ons laat deel in wat regtig vir en in die liefde belangrik is: die gawe om in ons liefde vir die Here reg en volkome te wees, die vrede dat ons diensbaar aan die Here kan leef en die blydskap

Christus se liefde gee ons die geloofsonderskeiding tussen wat liefde is en waarvan ons hou

dat ons die Here volgens sy wet mag liefhê. 14:27 Omdat ons so aan Hom behoort mag en kan ons die Here liefhê.

5. Omdat ons aan die Here behoort, sorg Hy dat ons goed doen!

Dit is hoe Paulus dit stel in 14: 4: “Sy eie werkgewer sal oordeel of goed doen of nie. Maar hy sal goed doen; daarvoor sal die Here sorg.” Die Here sorg dat ons goed doen deur ons weer in ons liefde aan sy wet te verbind. Die goeie wat ons doen waarvoor die Here sorg dat ons dit doen is altyd die goeie van die wet van God.

Kom ons kyk ’n bietjie wat is die goeie dinge wat die Here voor sorg dat ons in sy wet doen!

- Met die gebod, eer jou vader en moeder sorg die Here dat ons gesag aanvaar en diensbaar lewe;
- Met die gebod “jy mag nie doodslaan nie, sorg die Here dat ons met ons naaste saamleef en in gemeenskap met mekaar leef;
- Met die gebod “jy mag nie egbreuk pleeg nie”, sorg die Here dat ons getrou aan mekaar en in vertroue met mekaar leef;
- Met die gebod “jy mag nie steel nie” sorg die Here dat ons arbeidsaam met mekaar saam leef en versorg Hy ons met inkomste;
- Met die gebod “jy mag nie valse getuienis lewe nie”, sorg die Here dat ons lewe die betekenis het waarvoor Hy ons gemaak het en
- met die gebod “jy mag nie begeer nie, sorg die Here dat ons vergenoegd in sy liefde leef en in eenheid en samehorigheid met mekaar leef.

Omdat die Here gesorg het dat ons met ons liefde vir Hom, aan Hom behoort, is dit hoe die Here elke dag sorg dat ons vir Hom en vir mekaar goed doen. Die wyse waarop die Here ons volgens sy wet laat liefhê, is wat vir ons goed is en ons opbou.

6. Daarom is die evangelie dat Christus ons aanvaar het. 15: 7

Om ons te aanvaar is iets heeltemal anders as om van ons te hou en lekker saam met ons te leef! Daarom sê Paulus dat om ons te aanvaar as sy kinders, was nie iets wat die Here doen het om Homself te behaag nie. (DAV) 15: 3 In gewone taal beteken dit dat wat die Here gedoen het om ons te aanvaar was nie iets lekkers waarvan Hy gehou het nie. Nog minder het Hy dit gedoen om lekker saam met ons te leef sodat ons alles waarvan ons kan hou saam met die Here kan doen!

Om ons te aanvaar as sy kinders, het die Here gelyk as ’n sondaar, is Hy vervloek as ’n sondaar, is Hy gestraf as ’n sondaar, is Hy as vyand van God behandel en is Hy as sondaar verwerp!

Christus se liefde gee ons die geloofsonderskeiding tussen wat liefde is en waarvan ons hou

Dit is nie lekker gewees nie en nog minder iets wat die Here gedoen het omdat Hy daarvan gehou het. Wat Hy gedoen het, was omdat Hy ons lief het en om ons in sy liefde te laat leef.

Om ons in sy liefde te laat leef, is ook nie 'n lewe waarin ons onself behaag nie. (DAV 15:1) Dit is nie om 'n lekker lewe te leef en te doen waarvan ons hou nie. Om ons in sy liefde te laat leef beteken Hy laat ons aan Hom as Here behoort sodat ons Hom volgens sy wet mag liefhê.

So het die Here ons as sondaars aanvaar: om ten spyte van ons sonde aan Hom te behoort om Hom volgens sy wet te mag liefhê. Só bind die Here ons aan wat reg en goed en waar is, nie wat lekker is en waarvan ons hou nie.

7. Liefde maak lekker en hou van onbelangrik!

Deur met ons in sy liefde te laat saam leef as ons Here, en ons liefde vir Hom reg, en goed te maak, maak die Here "lekker en hou van" onbelangrik. Kyk hoe stel Paulus dit in 14: 5: "Vir die een is eendag belangriker as ander dae; vir 'n ander is alle dae ewe belangrik. Elkeen moet net in sy eie gemoed oortuig wees van sy eie opvatting."

Watter dag is die belangrikste dag vir Christene: Kersfees of Paasfees? Sondag of weeksdag? Kyk nou wat sê Paulus: die een wat dink Kersfees is belangriker as Paasfees is reg, en die een wat dink Paasfees is belangriker as Kersfees is ook net so reg! Al twee is ewe reg, al verskil hulle opvattinge en gevoelens daaroor! Want dit gaan nie oor op watter dae jy gedenkfeeste hou nie, maar om in die Here se liefde elke dag te leef en Hom elke dag te kan liefhê.

Net so met Sondag en weeksdag! Die een vir wie Sondag 'n belangriker dag as weeksdag is, is reg en vir die een vir wie elke dag van die week ewe belangrik is, is ook reg! Al twee is reg al verskil hulle mening en gevoel heeltemal van mekaar!

Daar is net een manier waarop mense wat verskillend oor dinge dink en voel almal kan reg wees al verskil hulle heeltemal van mekaar: dit is dat dit waaroor hulle verskil en mag verskil, is onbelangrik. Dit maak regtig nie saak om daaroor te verskil nie!

Dit is wat liefde doen! Dit maak net die liefde belangrik en dinge waarvan mense hou omdat dit lekker is, heeltemal onbelangrik! Daarom mag elkeen hou waarvan hy wil en mag iets vir iemand lekker wees wat vir iemand anders glad nie lekker is nie.

8. Watter sake is vir die liefde belangrik en watter sake is vir die liefde onbelangrik?

Christus se liefde gee ons die geloofsonderskeiding tussen wat liefde is en waarvan ons hou

Die sake wat vir die liefde belangrik is, is alles wat die Here doen sodat ons aan Hom kan behoort en ons in sy liefde kan leef: sy lyding, kruisiging, sterwe, begrafnis, ter helle neerdaling, opstanding, hemelvaart en sit aan die regterhand van God die Vader. Hierdie sake maak dat ons in sy liefde kan leef en dat God ons liefde vir Hom goed maak en goed laat wees.

Die sake wat vir die liefde belangrik is, is al die sake waaraan die Here ons verbind in sy wet:

- die aanvaarding van gesag en diensbaarheid in die lewe;
- die aanvaarding van die lewe as gawe van God om met ons naaste saam te leef en in gemeenskap met mekaar leef;
- die aanvaarding van getrouheid as man en vrou aan mekaar om in vertroue met mekaar saam leef;
- die aanvaarding van arbeidsaam met mekaar om saam inkomste te skep;
- die aanvaarding dat die Here betekenis aan ons lewe gee en met mekaar in hierdie waarheid te leef;
- die vergenoegd in God se liefde leef en eenheid en samehorigheid met mekaar.

Watter sake maak die liefde waarin ons met die Here saam leef onbelangrik?

Alles wat die Here vir ons gee om die lewe mee te geniet en om van die lewe te hou!

Dit sluit alles is soos kossoorte, dranksoorte, kleredragsoorte, alles waarmee ons ons self versier en mee mooimaak soos grimering en parfuum, alle soorte musiek, danse, kuns, ontspanning en vermaak.

Wie in God se liefde leef, kan nooit vir hierdie dinge lief wees nie. Hulle kan net daarvan hou. En elkeen se gevoel en mening oor hoe hy of sy hierdie dinge gebruik om die lewe mee te geniet, is totaal onbelangrik vir die liefde en die sake wat vir die liefde belangrik is.

9. Dit is die besondere werking van die liefde wat die Here ons by insluit om saam met Hom as Here te leef: dit maak die liefde en die sake waaroor die liefde vir en met God gaan, belangrik en die dinge waarmee ons die lewe geniet en van hou, totaal onbelangrik!

Die liefde van die Here waarin ons glo – gee ons die geloofsonderskeiding tussen wat liefde is en vir die liefde belangrik is en wat net dinge is waarvan ons hou en vir die liefde totaal onbelangrik is.

Hierdie geloof in die Here se liefde en die geloofsonderskeiding wat dit vir ons gee oor wat liefde is en wat dinge is waarvan ons hou, waaroor liefde gaan en waaroor

Christus se liefde gee ons die geloofsonderskeiding tussen wat liefde is en waarvan ons hou

dinge gaan wat gewoon net lekker is en waarvan ons hou, maak dat Christene op 'n baie besondere manier mekaar kan aanvaar!

Hulle aanvaar mekaar in die liefde waarin Christus hulle insluit om saam met Christus te leef en hulle aanvaar mekaar nie meer volgens hulle opinies, menings en gevoelens oor waarvan hulle hou en wat vir hulle lekker is nie.

10. Dit bring iets nuuts in menslike verhoudings: om menings, opinies en gevoelens te hê oor sake waarvan hulle hou, sonder dat hulle mekaar vir hierdie verskil in opinies, menings en gevoelens minag of veroordeel.

Hoe kan dit gebeur?

Want die Here se liefde skep 'n heel nuwe bedeling vir wie is die sterkes en wie is die swakkes!

In die gemeente Rome het die Joodse- Christene gedink en gevoel hulle opinies, menings en gevoelens oor godsdiens was die sterkste gewees. Hulle opinies, menings en gevoelens was vir hulle reg en die van die Grieks-Romeinse Christene was verkeerd. Daarom was die Joodse Christene volgens hulle self die sterkes gewees en die ander die Griekse- Romeinse Christene die swakkes gewees.

Paulus wys dat hulle sterk opinies, menings en gevoelens oor kos en feeste, maak hulle eintlik die swakkes in die geloof. Want hulle sterk gevoelens oor kos en feeste, mis die belangrike saak: liefde. Hulle sterk standpunt oor kos en feeste is 'n swak standpunt oor liefde.

Daarom is die Christene se standpunt dat hierdie sake onbelangrik is in die liefde wat hulle in die Here gevind het, 'n baie sterker standpunt as die Joodse Christene se standpunt wat nie oor liefde gaan nie.

Sterk wees in die geloof beteken om liefde te kan onderskei van dit waarvan ons hou en lekker is, en ons toe te wy aan liefde, terwyl ons insiklik is oor alles waarvan ons hou en lekker is ter wille van die liefde!

11. Kom ons kyk wat hierdie geloofsonderskeiding vir ons beteken binne die huwelik!

- Liefde gaan oor aan wie ek behoort en nie oor waarvan ek hou en wat vir my lekker is nie.
- Liefde maak dit waarvan ons hou onbelangrik vir mekaar ter wille van die liefde.
- Liefde verbind ons aan wat vir die liefde belangrik is, die wet en liefde van God, nie waarvan ons hou nie

Christus se liefde gee ons die geloofsonderskeiding tussen wat liefde is en waarvan ons hou

- Liefde maak gevoelens en opvattinge waarmee ons standpunte inneem oor dinge waarmee ons die lewe saam met God geniet en versier, heeltemal relatief, onbelangrik ten opsigte van reg en verkeerd.

Wat dit vir die huwelik beteken sien ons in verhoudings waar mans en vroue nie hierdie geloofsonderskeiding in hulle verbintenis met mekaar kan maak nie: waarvan ons hou, is nie ons liefde vir mekaar nie!

Waaroor gaan amper die meeste van die gestryery en bakleiery in huwelike en verhoudings?

Oor sulke belangrike sake soos gesag en diens; lewe en gemeenskap, getrouheid en betroubaarheid, arbeidsaamheid en verdienste, doel en sinvolheid van die lewe,

of

oor huise en hoe huise lyk, karre, motorfietse, kos, drank, klere, televisie-kyk, vakansies en vermaak?

Gaan dit oor liefde of oor dit waarvan ons hou?

12. Nog 'n toets wat ons aan mekaar kan stel oor waarom dit in die huwelike gaan met al die gestryery en bakleiery, is die vraag wanneer is jy sterk in die verhouding man en vrou en wie is die sterk een in die verhouding man en vrou?

Die interessante van die Griekse woord “opvatting” in 14: 1 is dat dit gemaklik ook vertaal kan word met “menings”, “opinies” en “gevoelens” soos in die 1953 vertaling.

Standpunte wat gestel word met tussen man en vrou in die huwelik – gaan gewoonlik oor menings en gevoelens. Baie keer is dit die man wat sy mening as feite tel en die vrou wat haar gevoelens as die werklikheid stel.

Die manier waarop hierdie menings en gevoelens teenoor mekaar gestel word, is om te wys watter mening en gevoel is die sterkste. Dink 'n bietjie aan die manier waarop daar baie keer gestry word: die man voel sy logiese menings en verduidelikings dra die meeste krag en die vrou voel haar gevoelens dra die meeste krag. Daarom is die doel van die gestry om te wys watter standpunt het die meeste te krag.

Die Bybel kom en stel iets heeltemal anders: die een wat menings en gevoelens as onbelangrik beskou ter wille van die liefde vir mekaar, is die sterk een en dit is wat dit beteken om sterk te wees.

13. Nog 'n toets vir dit waarom ons in die huwelik verskil, is of dit gaan oor of ons van mekaar hou en of ons vir mekaar lief is.

Christus se liefde gee ons die geloofsonderskeiding tussen wat liefde is en waarvan ons hou

Die wyse waarop die Here man en vrou aan mekaar verbind is om hulle aan mekaar as man en vrou te laat behoort: 'n man behoort aan sy vrou as vrou en 'n vrou behoort aan haar man as man.

Dit is waarom liefde as man en vrou vir mekaar gaan – om aan mekaar te behoort.

Om van mekaar te hou en om die lewe met mekaar saam te geniet, is iets anders. Dit is maar net die wyse waarop ons die liefde vier. Dit is nooit en kan nooit liefde wees nie.

Hierdie snaaksigheid sien ons in mans en vrouens wat wil saambly maar nie wil trou nie. Dit beteken hulle wil van mekaar hou en die lewe saam geniet, maar nie as man en vrou aan mekaar behoort nie, en dan noem hulle hierdie houding om nie aan mekaar te wil behoort nie, liefde!

Dit gebeur ook in huwelike waar mans en vrouens stel dat hulle meer spasie wil hê, meer 'n eie lewe wil hê en meer eie tyd wil hê, wat beteken ons wil nie aan mekaar behoort nie, net van mekaar hou en die lewe saam geniet, want dit is hoe ons voel ons wil liefhê.

14. Wat is die grondliggende probleem wanneer dit in die huwelik só gaan:

- standpunte teenoor mekaar gaan oor dinge waarvan ons hou, en nie oor die wesenlike sake waarom liefde gaan nie,
- die gaan oor sterk menings en gevoelens wat as belangrik gestel word, terwyl dit eintlik volgens die liefde onbelangrike menings en gevoelens moet wees, en
- ons wil van mekaar hou en nie aan mekaar behoort nie?

Die grondliggende oorsaak vir hierdie gestryery en bakleiery, is dat die onderskeid wat ons geloof in Christus in ons lewe bring tussen liefde en onbelangrike sake, verdwyn het.

Waar hierdie onderskeid verdwyn het, glo mense dat dit waarvan hulle hou, is liefde en dit waaroor die liefde gaan, en voel hulle dat daar nie liefde is, as hulle nie van mekaar kan hou en die lewe saam geniet nie.

Dan word elke onbelangrike saak volgens die Bybel, 'n strydpunt asof dit 'n stryd oor ware liefde is. Meer, in elke verskil oor hierdie totaal onbelangrike sake, die dinge waarvan mense hou en die lewe mee geniet, word dit 'n magstryd oor ware liefde!

Jy moet doen waarvan die ander hou, anders is daar volgens hulle nie liefde nie. Wanneer jy nie wil doen waarvan die ander hou nie, dan word jou liefde veroordeel

Christus se liefde gee ons die geloofsonderskeiding tussen wat liefde is en waarvan ons hou

of geminag. Om die ander te dwing om te doen waarvan jy hou, word die toets vir ware liefde. So word die sake wat die Bybel noem totaal onbelangrike sake vir die liefde, die toets en stryd vir ware liefde in die huwelike!

Daarom moet ons weer saam die ontdekking kan maak in die liefde wat die Here vir ons het: liefde wat belangrik is en dit waarvan ons hou as onbelangrik, soos Paulus dit stel: "Die koninkryk van God is nie 'n saak van eet en drink nie, maar van gehoorsaamheid, vrede en bladskap wat die Heilige Gees ons gee.

Volgende keer kyk ons na wat hierdie geloofsonderskeiding vir ons verlore laat raak!

Eksegetiese notas

- Die woord menings in vers 1 word in 1953 vertaling ook “gevoelens” genoem en dan vertaal as om nie oor sy gevoelens te oordeel nie.
- Die verskil tussen “sterk” en “swak” in die gemeente in Rome gaan oor die verskil tussen die Grieks- Romeinse en Joodse Christene. Die Joodse Christene met hul mening oor die Sabbat en rein en onrein kosse het hulle self as die “sterk” Christene gesien wat nog sterk staan by die voorskrifte van God. Vir hulle was die Grieks-Romeinse Christene die swakkes wat nog nie streng alles onderhou soos hulle nie. In die Joodse gemoed was dit nog ’n die ou onderskeiding van Jode uit die Joodse volk en Jode uit die heidendom.
- Paulus draai hierdie verhouding tussen sterk en swak om, stel die Grieks-Romeinse Christene as die wat sterk is in die geloof en die Joodse Christene as die wat swak is in die geloof. Die heerskappy van Christus as Here 14: 8, 9, 11, 18.
- Die teenstelling wat die verskil maak is die teen stelling tussen liefde en om jouself te behaag (15: 1 en 3)
- Die behaging van die naaste is nie die bevrediging van sy selfbehaaglikheid nie, maar die doen wat goed en opbouend is volgens die wil van God: 4:17 die geregtigheid, vrede en blydschap van die Heilige Gees.
- Die grondslag van liefde is om mekaar te aanvaar soos Christus ons aanvaar het: om Homself as offer te gee 9 15: 3) sodat ons geregverdig is deur Hom, in sy vrede leef en in sy blydschap leef. 14:7. Dit staan in kontras om mekaar te aanvaar volgens ons selfbehaging.
- Die onderliggende verskil is dus die ingesteldheid dat ek en God mekaar behaag, teenoor dat God my Hom en my naaste laat liefhê, dit maak die verskil tussen “menings of gevoelens” 14:1 en liefde uit en deur geloof.
- Eengesindheid 15: 5 en eenparigheid 15: 6 is nie ’n ideaal of sentiment nie, maar die geloofsverbintenis tot Christus en die wet van God: 4:17 Dit is die dinge wat onderlinge vrede opbou en bevorder. 4:19

Prediking notas

- Rom. 14 handel oor die vryheid in middelmatige sake in gelowiges se liefde vir God.
- Christus se liefde vir ons maak die verskil tussen wat werklik belangrik in ons liefde vir God is en wat onbelangrik in ons liefde vir God is.
- Die gehoorsaamheid aan God se wet verbind ons tot dit wat belangrik in ons liefde vir God is: gesag en diensbaarheid; lewe en gemeenskap; eg en intimiteit; arbeidsaamheid en besit; bestemming en waarheid; vergenoegdheid en samehorigheid.
- Wat onbelangrik is in ons liefde vir God wat en hoe ons eet, drink, aantrek, ons self versier, speel, ontspan, feesvier, ons ons mee vermaak, dans en musiek luister.

Christus se liefde gee ons die geloofsonderskeiding tussen wat liefde is en waarvan ons hou

- Gaan oor die verskil tussen liefde en om van te hou! Liefde gaan oor die bedoeling van die lewe, waarvan ek hou gaan oor hoe ek die lewe geniet.
- Christus se liefde verbind ons tot die bedoeling van God met ons lewe en daarom kan ons onderskei tussen die bedoeling van die lewe en die geniet van die lewe.
- Buite die liefde wat Christus vir ons het, verval hierdie innerlike onderskeiding in ons: ons kan nie meer onderskei tussen wat die lewe bedoel en wat net die geniet van die lewe is nie.
- Dan word die geniet van die lewe die bedoeling van die lewe – en so word die vryheid in middelmatige sake vervang met die mag van gelykvormigheid.
- Gelykvormigheid in voor en afkeure van hoe die lewe geniet word, gaan oor die mag om liefde te soek en te vind in dit waarvan mense hou.
- Gelykvormigheid is magspel. Vryheid in middelmatige sake is diensbaarheid aan die liefde.
- Toegepas op die huwelik beteken dit dat buite die liefde van Christus word die huwelik die magsterrein van gelykvormigheid – om dit waarvan jy hou die toets, eis en voorwaarde te maak vir liefde!
- Huwelik gaan nie oor hou van mekaar nie maar om mekaar lief te hê in die eenheid van man en vrou wat God skep. Hou van mekaar gaan oor om lewe saam te geniet teenoor liefde waarin vervulling gevind word in mekaar.
- Kan saam vervuld wees sonder om die lewe te geniet en kan saam lewe geniet sonder om vervuld te wees in mekaar.